

**WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO**

**Reeks H: Inougurele Rede nr. 113**

**DIE VERBAND TUSSEN DIE SKRIF,  
KONFESSIE EN KERKORDE  
VOLGENS DIE  
GEREFORMEERDE KERKREG**

**Prof. A. le R. du Plooy**

**Intreerede op 16 Oktober 1987**

**Departement Sentrale Publikasies  
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys  
Potchefstroom  
1988**

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met die *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

**Die Direkteur  
Departement Sentrale Publikasies  
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys  
2520 POTCHEFSTROOM Suid-Afrika**

© 1988

ISBN: 0 86 990 943 6

# **DIE VERBAND TUSSEN DIE SKRIF, KONFESSIE EN KERKORDE VOLGENS DIE GEREFORMEERDE KERK-REG**

## **1. INLEIDING**

### **1.1 Aktualiteit en uiteensetting**

Dit dring hoe langer hoe meer tot my deur dat die onderwerp wat aan die orde is, ons inderdaad by die wese en essensie van die vak kerkreg bring. Dit is nie net 'n onderwerp wat op die teologies-wetenskaplike terrein belangrik en aktueel is nie, maar ook een wat op suiwer kerklike gebied — waar die kerkorde soms onderwaardeer en dikwels ook uit verband geruk en oorskat word — in die fokus van ons aandag en belangstelling moet kom.

Dit is 'n onderwerp van breë omvang waaraan ons vanweë die tydsbeperking nie volledig reg kan laat geskied nie. Ons beperk ons daarom tot dit wat myns insiens die kernaangeleenthede raak.

Aangesien ons tema 'n sterk prinsipiële en historiese karakter het, en ook definitiewe teoretiese en praktiese fasette het, het ons dit goed gedink om op die volgende wyse daaraan aandag te gee:

- \* Ter inleiding gee ons eers 'n oriënterende basis, waarna ons let op
- \* die genoegsaamheid al dan nie van die Skrif en konfessie as die bronne vir die kerkreg as goddelike reg vir die kerk, soos dit blyk by Rome, die anabatiste en Luther;
- \* Daarna bepaal ons ons kortliks by enkele negatiewe standpunte met betrekking tot die verband tussen Skrif en kerkorde;
- \* Ons wys vervolgens op die feit dat strydpunte in die geskiedenis juis tot stimulering dien om na die prinsipes terug te keer;
- \* Hierna kom die positiewe standpunt oorsigtelik aan die orde, soos dit tydens die reformasie van die sestende eeu na vore tree;
- \* Laastens bepaal ons ons dan by die meer konkrete saak, naamlik by die duidelike ooreenkoms tussen die Nederlandse geloofsbelydenis en die kerkorde, asook die kritiek ten opsigte van die verskille en skynbare verskille tussen veral die genoemde geloofsbelydenis en die kerkorde.

## 1.2 Oriënterende basis

Kerkreg is 'n teologiese wetenskap wat hom met unieke sake besig hou, naamlik met eiesoortige reg, geregtigheid en orde van God asook met die kerk as die duurgekoopte liggaam van Christus. Omdat die kerkreg as ekklesiologiese wetenskap voluit met die kerk te maak het, het dit juis daarom nie net met die reg en geregtigheid van God te doen nie, maar ook met die genade, die barmhartigheid en liefde van God in Jesus Christus, want vanweë al hierdie deugde of eienskappe van God is die kerk daargestel. Op grond van God se soewereine liefde en genade het die kerk as 'n unieke en nuwe skepping van God ontstaan.

Die kerkreg moet hom bepaal by die orde en gedragreëls wat God self vir sy kerk verorden het. Die kerk moet hom ooreenkomstig die reg van God gedra; dit wil sê die konkrete lewe en handeling van die kerk moet ooreenkom met dit wat goed is in God se oë (vgl. 1 Kor 14:40; 1 Tm 3:15; Van der Linde, s.j.:21).

Dit is die taak van die kerkreg om die gedragreëls wat Christus as die enigste Hoof van die kerk in sy Woord gegee het, na te vors, belydend te formuleer, te sistematiseer en duidelik en omlin toeganklik vir die konkrete lewe van die kerk aan te bied.

Op hierdie wyse moet die kerkreg 'n diens lewer ten einde die goddelike reg (*ius divinum*) in die kerk gestalte te laat kry. Prakties word die vak Kerkreg hiermee voor 'n geweldige maar tegelyk heerlike verantwoordelikheid geplaas.

Dit is geen geringe saak om presies vas te stel wat die goddelike reg is nie. Johannes Heckel sê die kernprobleem van die kerkreg is die vraag na die *ius divinum*. Al sou daar in 'n groot mate in die gereformeerde kerkreg eenstemmigheid bestaan dat die vraag alleen in die lig van die Woord beantwoord sal kan word, dan kom ons vandag veral nog te staan voor die "vraagstuk" rondom die verstaan van die Skrif, die skopus van die Skrif en die gesag van die Skrif. Hoewel hierdie aangeleenthede meer op die terrein van die bibliologie en dogmatiek lê, is die kerkreg as ekklesiologiese vak in die teologiese ensiklopedie afhanklik van die bibliologiese en dogmatiese vakke. Van 't Spijker (1972:4) stel dit soos volg: "*Niet slechts in de exegeese, in de dogmatiek, en in de praktische vakken, ook in de theologische wetenschap, die men kerkrecht noemt, gaat het, gelijk de geschiedenis te zien geeft, om een voortdurende bezinning op de vraag naar de*

*bronne, waaruit, de normen, waarnaar, en de metode, volgens welke gedacht en gehandeld dient te worden”.*

Dit kom op die vraag aan: hoe luister ons na die Skrif, en hoe put ons uit die bron van die evangelie? (Van 't Spijker, 1972:7)

Hier kan ons selfs in die laat twintigste eeu ons nog verlaat op die seënryke resultate van die Reformasie van die sestiende- sewentiende eeu; nie soseer omdat dit primêr reformasie in die kerkregering tot gevolg gehad het nie, maar omdat dit 'n konfessie, bekend as die Drie Formuliere van Eenheid, daargestel het. In die Nederlandse geloofs-belydenis — waarby ons ons in hierdie rede meer in besonder wil bepaal en beperk — bely ons vanuit die *sola scriptura* ons geloof aangaande die Woord van God (art. 2 - 7). In artikels wat daarop volg, byvoorbeeld artikels 17 en 25, bely ons dat Jesus Christus die skopus van die hele besondere openbaring is. Eindelik bely ons in artikels 27 - 32 ons geloof aangaande die kerk, juis op grond van wat die Skrif ons in hooftrekke daaroor leer. Dit is duidelik dat die bibliologie en die Christologie aan die ekklesiologie voorafgaan. Ons bemerk hierin reeds 'n intrinsieke verband tussen die Skrif en ons belydenis aangaande die kerk en die Kerkreg. Die belydenis is volgens die Reformasie nie net 'n antwoord of verwoording van wat die Skrif oor homself sê met betrekking tot aspekte soos die inspirasie, die kanon, die gesag en ander eienskappe van die Skrif nie; dit verwoord ook die grondlynne vanuit die Skrif met betrekking tot die regering van die kerk.

Die probleem is egter dat ons in die verloop van die geskiedenis — nie net voor die Reformasie nie, maar veral ook daarna — histories belas is. Wie noukeurig let op die huidige breë kerkregtelike toestand, moet bewus word van invloede van verskeie strominge, standpunte en stelsels. Die Christokraties-pneumatiëse gesagsbeskouing van die Reformasie word óf verdring deur die Rooms-Katolieke Kerk se hiërargie met sy ampsgesag en kerkgesagmodel, óf vermink deur die Erastiaanse owerheidsgesagsmodel óf verduister deur stelsels soos die kollegialisme en independentisme. Hierby kan sekerlik nog gevoeg word die spiritualisties-charismatiëse wyse van kerkregering waarvolgens 'n spanning tussen 'n sogenaamde charismatiëse geesteskerk en 'n juridies/institusionalistiese regskerk geskep word.

Waar die Christokrasie verdring, vermink of verduister word, word die kerk en kerkreg óf geklerikaliseer, óf gesekulariseer, óf gedemokrati-seer óf gespiritualiseer (vgl. Jonker, 1965). Die geskiedenis het ons

reeds geleer dat waar die band tussen Christologie en ekklesiologie verwaarloos of verbreek is, dit deformerend en kerkvernietigend gewerk het (Pont s.j.:77 e.v.).

Die gereformeerde kerkreg se taak is nie om apologeties-polemies te werk te gaan nie; dit kan ook nie stagneer by die *ius constitum* (die huidige geformuleerde en geldende reg) nie. Bronkhorst (1976), Nauta (1971:38) en Coertzen (1984:186 - 187) maan ons tereg om ook nie net te teer op wat outeurs van die verlede presteer het nie, maar om ons te verdiep in die grondslae en bronne vir die kerkreg. Te meer is dit seker die roeping van die gereformeerde kerkreg wat immers ook iets soos die *ius constituendum* erken (Bouwman, 1928:2). Hiervolgens moet ons voortdurend bly navorsing doen oor die reg soos dit behoort te wees; soos God dit in sy Woord voorskryf.

Nou raak ons natuurlik aan die metodologie in die beoefening van die kerkreg. Die metodologie hou hom primêr besig met die regte uitgangspunte, die bronne of grondslae (Coertzen, 1986:47). Die vertrekpunt is uiteraard beslissend met betrekking tot die eindpunt of resultaat.

Die Reformasie — veral die Calvinistiese Reformasie — trek juis hierin saam dat hulle die kerk weer volgens die enigste en eintlike bron, naamlik die heilige Skrif, wou reformeer. Hulle wou vanuit die Skrif die goddelike reg (sg. *ordinatio Dei*) vir die kerk vasstel. In hierdie proses moes iemand soos Calvyn en sy volgelingen op twee fronte veg (Plomp, 1967:14): enersyds teen die Roomse Kerk met sy kanonieke reg en andersyds teen die anabaptiste. Dit was wesenlik 'n stryd teen institusionalisme aan die een kant en spiritualisme aan die ander kant.

## **2. DIE GENOEGSAAMHEID AL DAN NIE VAN DIE SKRIF EN KONFESSIE AS BRONNE VIR DIE GODDELIKE REG VOLGENS ROME, DIE ANABAPTISTE EN LUTHER**

### **2.1 Roomse Kerk**

Die Roomse Kerk aanvaar ook dat die kerkreg op die goddelike reg berus, maar dit blyk dat die *ius divinum* nie op die Skrif alleen gebaseer word nie. Uitgaande van die onvolkomenheid van die Skrif ten opsigte van openbaringe oor die regering van die kerk, en insgelyks vanweë die Roomse aanvaarding van die beginsels van die natuurreg, verkry die pous as verteenwoordiger van Christus op

aarde die hoogste outoriteit om die goddelike reg te bepaal. So is die goddelike reg soos eindelik saamgestel in die *codex iuris canonici* eintlik pouslike reg en vermeng met gegewens uit die Skrif, die tradisie, kerklike besluite, staatswette en gewoontes. (vgl. Smit, 1985:15 e.v.; Mans s.j.:135). Tereg vra Van 't Spijker (1972:10): "*Maar waar was de vrijheid van het evangelie gebleven?*" Die deformasie van die kerk was inderdaad die gevolg van die verbreekte verband tussen die Christokrasie en ekklesiologie en 'n verkeerde Skrifbeskouing.

## 2.2 Die Anabaptiste

By die anabaptiste was daar 'n duidelike tendens na biblisme en na die spiritualisme. Van wette en kerkordende bepalinge wou hulle niks weet nie, en daarom ontstaan daar by hulle 'n spanning tussen die Woord en Gees en tussen die amp en die charisma (Dick, 1982:120. e.v.; Plomp, 1967:14).

## 2.3 Luther

Luther verbrand die kanonieke reg omdat hy die Woord as enigste gesaghebbende bron in die kerk aanvaar. Sy eensydige siening van die kerk waarvolgens hy die onsigbare gestalte van die kerk oorbeklemtoon het, asook sy twee-ryke-leer het grootliks (selfs onbedoel) aanleiding gegee tot die Erastianisme, die Kollegialisme en Independentisme. Dit lei tot 'n skeiding tussen die kerk en reg, tot die intrede van owerheidsgesag in die kerk omdat die reg en regstoepassing in die kerk verskuif is na die wêreldlike regiment (of owerheid) as die vernaamste lid (*membrum praecipuum*) van die kerk. Op hierdie wyse is die Woord as enigste gesagsbron vir die kerk verdring (vgl. Smit, 1985:29 e.v.; Du Plooy, 1987:4 - 6).

## 2.4 Gevolge

Teen die agtergrond van hierdie vorstelike regeermag (*of caesaropapisme*) volgens die Roomse en Lutherse beskouinge, asook teen die agtergrond van die episkopalisme in Engeland en Amerika en dié van die spiritualisme, moet ons die verwarring en negatiewe standpunte van die negentiende en twintigste eeue ten opsigte van kerkreg en kerkregering verstaan.

### 3. Negatiewe standpunte

Baie bekend is die stelling van Rudolph Sohm, die Duitse kanonikus, wat in 1892 reeds gesê het dat die kerk wesenlik geestelik is; dit is bo-aards en bo-wêrelds en kan nie met juristiese begrippe verstaan word nie, want die wese van die kerk staan met die wese van die reg in teenspraak. Die geestelike wese van die kerk sou elke kerklike regsordening uitsluit (Sohm 1892; Smit, 1985:264; Pont, s.j.:77). Hier is die invloed van Luther se kerkbeskouing en twee-ryke-leer baie duidelik, en hy dryf hiermee die onversoenbaarheid tussen kerk en reg as twee pole op die spits — asof die Skrif nie bron kan wees vir die reg en orde wat in die kerk moet geld nie. Smit stel dat die fout van Sohm daarin bestaan dat die Christusregering *teenoor* in plaas van *in* die kerkregering gestel word (a.w., p. 264). Die enigste organisasie in die kerk sou charismaties wees en dan eintlik beperk tot die gawe van lering.

Brunner (vgl. Pont, 1981:6 - 7; Mans, s.j.:143; Pöhlmann, 1987:1 -18) noem die verdringing van 'n geesteskerk deur 'n juridies-institusionele kerk die groot misverstand van die kerk.

Hierdie argument dat die Nuwe Testament van geen goddelike regsbeginnels en kerklike organisasie sou weet nie, is in die veertigerjare in die geleedere van die Nederlandse Hervormde Kerk sterk na vore gebring (vgl. Brouwer-Noordmansdebat: Lekkerkerker, 1971:18 e.v.; Bronkhorst, 1947:1 - 14; Pont, 1981:6 - 7). Selfs in die sestigerjare het die Nederlandse Hervormde Kerk nog geworstel met die waarde en gesag van die Bybelse gegewens oor die kerklike organisasie (vgl. studierapport, 1969). Bekend is ook die stelling van Van den Berg (1969:68-69) dat 'n bindende kerklike organisasie die kerk van Christus 'n gekerkerde kerk maak (vgl. ook Smit, 1983:60).

### 4. STRYD BRING WORSTELING EN STIMULERING

4.1 Die stryd van die Reformasie teen die Roomse Kerk en die anabaptisme het die Hervormers gestimuleer tot kerkherstel en suiwer grondslae vir 'n Skriftuurlike kerkreg en 'n duideliker visie op die sg. *ius divinum*. Weldra kom ons terug op die positiewe standpunt van Bucer en Calvyn en andere.

4.2 In Duitsland het die spanning tussen 'n sg. geesteskerk en 'n regskerk tot die krisis van die Krichenkampf (1933 - 1948) gelei. Gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het daar ook 'n



soort Lutherrenaissance plaasgevind (Coertzen, 1984:179 e.v.).

'n Hele groep Duitse kerkregtelikes het aan 'n evangeliese kerkreg begin bou waarin gepoog is om die skeiding en spanning tussen die onsigbare en sigbare kerk en tussen die begrippe kerk en reg met mekaar te versoen. Die eintlike stimuleringsvir teoloë soos Heckel, Wolf en Dombois (vgl. Coertzen 1984 en 1986) was die kerkstryd (Kirchenkampf) waarin die kerk met die nasionaal-sosialisme geworstel het en die kerk hom verset het teen die totalitêre regime wat die kerk se wese hom wou ontnem. Die besef het deurgedring dat die kerk en reg albei vanuit die Skrif as bron tesame met 'n belydenis oor die kerk bepaal word. Wolf (1960:15) laat 'n ander klank as Sohm hoor wanneer hy sê: "*Kirchen wird nur im Glauben erfahren, ebenso Kirchliches Recht*".

Johannes Heckel se siening van die kerkreg as liefdesreg en genadereg, en Wolf se beskouing van die kerkreg as belydende reg, bevestig die feit dat die Duitse kerkregtelikes begryp dat daar 'n noue verband tussen Skrif, belydenis en kerkreg bestaan, en dat die bronne vir die goddelike reg slegs die Skrif en konfessie kan wees (vgl. Smit, 1985:263 e.v.).

4.3 'n Derde voorbeeld van die feit dat stryd teen onsuivere kerkregtelike aksente tot stimuleringsdien en moet dien, vind ons met die koms en beskouing van die kollegialisme. Vanuit die liberale teologie van die negentiende eeu, wat die band tussen koninkryk en kerk verbreek het, die positiwisme van die Aufklärung en die denkbeelde van die Franse rewolusie het die kollegialisme met sy genootskaplike kerkbegrip teen die begin van die negentiende eeu sy intrede in Nederland en Suid-Afrika gemaak (Ridderbos, 1972:289-291; Du Plooy, 1982:23 - 24).

Die effek wat hierdie beskouing op die kerk en kerkregering gehad het, was geweldig. Dit het die gereformeerde wêreld verdeel en verskeur. Tegelyk het dit ook gedien tot 'n nuwe belangstelling in die Reformasie en 'n verantwoording oor die bronne vir die goddelike reg in die kerk van Jesus Christus. Vandaar ook die opmerklike belangstelling by teoloë van sowel die Nederduitse Gereformeerde as Nederduitse Hervormde Kerk ten opsigte van die kerkreg in die tweede helfte van die twintigste eeu. Opnuut word daar gesoek na die eintlike bronne vir die kerkreg.

## 5. POSITIEWE STANDPUNTE

### 5.1 Oorsig

Gedurende die Reformasie — veral die Calvinistiese reformasie — is daar nie net 'n moontlikheid van 'n Skriftuurlike kerklike orde wat as die goddelike reg vir die kerk kan geld, gesien nie, maar dit is gaandeweg ontwikkel tot 'n kerkregeringstelsel wat as die presbiteriale kerkregeringstelsel bekend is (vgl. hierteenoor Boon, 1965, wat meen dat Calvin meer in die rigting van 'n biskoplike as 'n presbiteriale orde vir die kerk gedink het).

Die ontwikkelingslyn begin veral by Martin Bucer waarby Calvin aansluit en die grondlyne vanuit die Skrif verder uitbou en formuleer. Sy insigte oor kerkordende beginsels lê versprei in veral sy Institusie, sy kommentare en eienaardig genoeg miskien meer geïnhibeer in sy kerkorde vir Genève (die sg. *Ordonnances Ecclesiastiques* van 1541-1561) aangesien die Raad van Genève hieraan meegewerk het en Calvin nie sy gedagtes volledig kon verwoord en implementeer nie (Bronkhorst, 1947:197 - 198). Die invloed van Calvin se visie op die leer en regering van die kerk op kerke van die Reformasie van die sestiende eeu was formidabel. Die deurbraak is gemaak dat die kerklike reg eiesoortig uit die Skrif en konfessie afgelees kan word. Ons wil dit slegs met enkele grepe en stellings toelig.

### 5.2 Bucer

Bucer het in sy kerkregtelike denke sy uitgangspunt in die Skrif geneem. Dit was vir hom die eerste kanon wat alle andere *canones* —soos veral die Roomse kanonieke reg — moet beheers. Hy meen dat die pouslike kerkreg se fout juis daarin bestaan het dat hulle die enigste kanon van die kerk, naamlik die Skrif, van sy gesag beroof het (vgl. Van 't Spijker, 1972:9 - 11).

Hy beskou die kerk as 'n Christokraties-pneumatiese en dinamiese gemeenskap waarin die goddelike reg alleenlik teenwoordig is wanneer die heerskappy van Christus daarin bedien word (Van 't Spijker, 1972). Die orde in die kerk moet slegs dien om aan die gesag van Christus 'n deurgang te verleen (a.w.:29).

By Bucer moes die *notae ecclesiae* nie net dien as merktekens van die ware kerk nie, maar dit vorm ook volgens die *ius divinum* die wesenlike elemente van 'n kerklike orde (a.w.:34 - 35). Die orde wat

God vir sy kerk gegee het, bestaan nie uit 'n aantal voorskrifte of bepalings nie, maar eintlik in die hele versorging van God vir sy kerk deur die bediening van Woord, sakramente en tug waardeur die kerk as 'n orde of as 'n liggaam saamgebind en opgebou kan word (a.w.:26).

### 5.3 Calvyn

Calvyn glo dat Christus as die Hoof van die kerk self sy kerk deur sy Woord en Gees regeer, en dat Hy in die Woord die orde en gestalte van die regering van die kerk voorgeskryf het (Inst. IV, 6, 9). Vir Calvyn is die *ordinatio Dei* soos in sy Woord geopenbaar die basiese fondament vir die kerklike orde (Smit, 1983:61).

Rieker (1899:95) vat die gedagtes van Calvyn kernagtig saam wanneer hy sê dat Calvyn tussen 'n formele en 'n materiële beginsel onderskei: die formele beginsel is dat slegs dié kerkregering reg en waar is wat uit God se Woord verkry is en wat met die orde van die apostels en die vroeë kerk ooreenstem. Die materiële beginsel kan vanuit tweërlei perspektief gesien word: negatief gestel sluit Calvyn elke vorm van menslike heerskappy in die kerk uit; positief beskou, handhaaf Calvyn slegs die alleenheerskappy van Christus (vgl. ook Hovius, 1962:5 - 7).

Richel (1942: 214) en Bohatec (vgl. Bronkhorst, 1947:203) beklemtoon die aksent wat die Heilige Gees in die gedagtes by Calvyn ten opsigte van die kerkregering ontvang.

Calvyn erken dus dat die Woord die enigste bron vir die kerkreg en kerklike bepalings is. Tog erken hy ook dat 'n kerklike orde menslike insettinge kan hê, maar dan moet dit op die Woord begrond word en in ooreenstemming wees met die "algemene reëls" wat God vir die orde en betaamlikheid van die kerk gegee het. Hier verwys hy na 1 Korintiërs 14:40 (Inst. IV, 10, 30); omdat dit volgens hom dan "*geheel en al goddelijk zijn*" (prorsus divinae) (Plomp, 1967:15) is dit geldig vir die kerke.

Besluite wat egter die kerk as gesagsbron het, mag nie gewetensbindend wees nie (Inst. IV, 10, 1 - 10; vgl. Spoelstra, 1986:97 e.v.).

### 5.4 Gevolge

Die gevolg van veral Calvyn se positiewe standpunt oor die noue

verband tussen die Skrif en die beginsels vir die kerkregering het ander prominente leiers in die kerklike lewe tydens die Reformasie soos a' Lasco en Micron in die geledere van die vlugtelingkerke, asook kerklike vergaderinge soos dié in Frankryk, Nederland en Skotland ens. beslissend beïnvloed.

Hiermee word nie gesê dat 'n bepaalde kerkorde uit die Skrif afgelees kan word nie, maar wel dat die Skrif die basiese gegewens bied, die sg. grondreëls. Hierdie grondreëls is ten tye van die Reformasie in konfessies saamgevat, en wanneer die kerke dan op grond van die eenheid in die leer saamkom, het hulle ook aan die nadere uitwerking van kerklike ordes aandag gegee (vgl. Hovius, 1962). Die eenheid in belydenis gaan dus die kerkorde vooraf, maar die kerkordes het die grondpatroon van die konfessie gevolg (Pont, 1981:7 e.v.). Die kerkorde wou die *modus quo* wees waarvolgens die eenheid konkreet belewe word en waarvolgens die reg van God in kerke bedien word (Spoelstra, 1986:99).

Die Calvinistiese Reformasie wou dus nie die Christusregering en kerkregering van mekaar losmaak nie, maar juis in die kerkregering en in die kerkordes as die resultaat van die kerkregtelike denke 'n deurgang en beveliging bied vir die Christusregering.

## **6. DIE VERBAND TUSSEN KONFESSIE EN KERKORDE**

### **6.1 Algemeen**

Ons het tot dusver meer gekonsentreer op die duidelike verband tussen die Skrif en die daaruit voortvloeiende voorskrifte of kerkordende bepalings vir die kerkregering. Dit het ons reeds met die bestaan van 'n konfessie in aanraking gebring, want dit het geblyk dat 'n deel van die konfessie juis bepaalde geloofswaarhede oor die kerk en kerkregering formuleer.

Tereg sê Smit (1983:64) dat die verband tussen die kerkorde en die konfessie in die Skrif vasgelê is.

Die belydenis is in sy geheel 'n weerklank of antwoord op die inhoud van die Woord. Hier gaan dit oor al die geloofswaarhede wat die Skrif ons in sy dele en in sy geheel leer. Terloops, daarom is teksverwysings by 'n konfessie noodsaaklik (Hovius, 1962:36).

'n Kerkorde bevestig die antwoord van die konfessie; soos die

belydenis rus dit op die Skrif, maar meer konkretiserend en prakties gerig. Omdat dit essensieel en struktureel op die konfessie betrekking het, is dit ook nie nodig om by elke artikel 'n Skrifbewys te voeg nie (vgl. Hovius, 1962:24).

Die kerkorde se gesag lê op 'n ander vlak as dié van die Skrif en konfessie. Tereg sê Smit (1983:85): die Skrif is ten opsigte van die gesag die *norma normans* (normerende norm), die konfessie is die *norma normata* (genormeerde norm) en die kerkorde is die *norma ministrans* (bedienende norm).

Daarom vorm die kerkorde nie die akkoord van kerklike gemeenskap nie, maar wel die konfessie. Die kerkorde bepaal onder meer die wyse waarvolgens kerke wat in gemeenskap met mekaar lewe, mekaar sal dien en bystaan t.o.v. die opbou van die kerk van Christus.

## 6.2 Die verband is histories gelê

Kragtens die feit dat kerk 'n katolieke en apostoliese kerk is, soos ons dit inderdaad bely in die apostolicum en Niceanum, en omdat ons glo in die verliggende werk van die Heilige Gees deur die geskiedenis, mag ons nie vanuit biblisistiese en individualistiese oorwegings die werk van die Heilige Gees in die kerk van Christus in die kerkgeskiedenis vergeet nie.

Hiermee maak ons nie die kerkgeskiedenis 'n bron vir die kerkreg nie — soos by Rome wel die geval is (Kamphuis, s.j.: 90 e.v.); ons maak ook nie die gewoonte (soos Wesel) 'n metodologiese vertrekpunt nie. Ons erken wel die werking van die Heilige Gees (vgl. Hand 15), en is bewus daarvan dat sowel die konfessie as die kerkorde onder leiding van die Gees 'n geskiedenis deurloop het (vgl. ook Wolf 1960:15; Coertzen, 1986:51).

Dit is opvallend dat die konfessionele en kerkregtelike ontwikkeling in die sestiende en begin-sewentiende eeue parallel langs mekaar en in mekaar verloop het, en onder meer die Nederlandse geloofsbelydenis en die Dordtse kerkorde tot gevolg gehad het.

Tussen hierdie twee dokumente is daar fundamentele ooreenkomste, maar ook skynbare verskille. Verder word die volledigheid en/of genoegsaamheid van hierdie dokumente vir 'n deugdelike kerkregering deur sommige bevraagteken. Vanweë gebrek aan tyd, maar ter wille van die aktualiteit daarvan gee ons kortliks hieraan aandag.

### 6.3 Die ooreenkoms tussen die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Kerkorde (soos gewysig volgens art 86)

Met betrekking tot die ooreenkoms tussen die *confessio Belgica* en die kerkorde volstaan ons met enkele opmerkings (vgl. Hovius, 1962).

- \* In die geheel gesien is die konfessie en die kerkorde in mekaar veranker: in die konfessie (art 32) bely ons die daarstelling en bestaan van 'n kerkorde, asook sy twee soorte bepalinge wat op die voetspoor van Calvyn se onderskeidings later bekend geword het (Voetius) as die *ius divinum positivum* en die *ius divinum permissivum*. Eersgenoemde bepalinge is onveranderlik terwyl die tweede groep verander mag word aangesien as belangrikste norm hier die volgende geld: *aedificatio ecclesiae suprema lex* (vgl. Hovius, 1962:11; ook KO art 86). Op sy beurt spreek die kerkorde weer sy verankertheid in die konfessie uit (vgl. KO artikels 53 - 55; 61 en 68).
- \* Beide dokumente — in lyn met die denke van Bucer en Calvyn — beskou die bediening van die Woord, sakramente en tug as die eintlike wyse waarvolgens Christus sy kerk regeer en versorg.
- \* Die konfessie en kerkorde handhaaf primêr die alleenheerskappy van Christus in sy kerk; albei aksentueer die funksie van die dienste waardeur Christus Hom laat bedien aan die kerk, en beide dokumente handhaaf dieselfde kerkbegrip waarvolgens tussen die plaaslike en algemene kerk onderskei word en waarin die plaaslike kerk die algemene kerk op 'n bepaalde plek is (vgl. Van der Walt, 1976:147; Hovius, 1962:20 e.v.; Du Plooy, 1982:332 e.v.). Ten opsigte van die gesag, die amp, die kerk en ook die kerklike tug stem die konfessie en die kerkorde ooreen.

### 6.4 Kritiek ten opsigte van die verband of gebrek aan 'n (volledige) verband tussen Skrif, konfessie en kerkorde

Die kritiekpunte sentreer hoofsaaklik rondom die volgende aangeleenthede; feitlik alle kritiek fokus min of meer rondom die ampte (dienste):

- \* Die verhouding tussen die charisma en diakonia;
- \* Vrae en twyfel oor die volledigheid van die reformasie van die ampte;
- \* Die afwesigheid van die vrou in 'n amp of ampte;

- \* Die verskil tussen die konfessie en kerkorde met betrekking tot die doktore-amp;
- \* Die posisie van die diakens in die kerkregering;
- \* Die meerdere vergaderinge volgens die gegewens in die kerkorde teenoor dié in die konfessie.

#### 6.4.1 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE CHARISMA EN DIAKONIA

- \* Die probleem/kritiek

Die kritiek teen die konfessie en kerkorde is hoofsaaklik dat hierdie twee dokumente nie genoeg skopus aan die charismata gee nie. In meer ekstreme kringe word selfs die bewering gemaak dat die aksent op die dienste 'n denkkonstruksie van 'n latere tyd as die Nuwe Testamentiese tyd sou wees, omdat die Nuwe Testament eintlik die aksent op die genadegawes sou lê.

- \* Perspektief

Ten einde goeie perspektief hierop te kry, moet die volgende feite verdiskonteer word:

\*\* Calvin het 1 Korintiërs 14:40 (veral die woorde "alles" en "orde") so verstaan dat die hele kerklike lewe met die geopenbaarde wil van God moet ooreenstem (vgl. Smit, 1983, hfst 2 - 4). Calvin het verder in sy hermeneuse ten opsigte van die Skrifbeginsels oor kerkregering by die resultaat van die gegewens, naamlik soos dit in die Pastorale Briewe na vore tree, begin (Hovius, 1962:9). Hy het daarby rekening gehou met twee sake: daar is eerstens 'n voortgang in die openbarings-geskiedenis, en tweedens is die Skrif in sy onmiddellike en verwyderde verband met Skrifte vergelyk. Hiermee wou hy nie die Nuwe Testamentiese kerkbeeld imiteer nie, maar wel die grondlyne daaruit aflees (Runia, aangehaal by Versteeg, 1985:8).

\*\* Die Calvinistiese Reformasie het sterk gereageer teen die anabaptiste wat eensydig charismaties geneig was en afsydig teenoor 'n kerklike orde gestaan het.

\*\* Wanneer die bevestigingsformuliere vir predikante, ouderlinge en diakens tesame met die Skrif, belydenis en kerkorde gelees word, blyk dit duidelik dat daar geen spanning tussen die dienste en die genadegawes was nie.

\*\* Die liberale teologie, die opkoms van die Skrifkritiek en aksente wat dikwels in die eskatologiese rigtings gelê is, het in die negentiende en twintigste eeue nuwe momentum aan die charismata ten koste van die dienste gegee (vgl. bv. Schweitzer, Brunner, Käsemann e.a.) — asof die Joodse opset meer institusionalisties en dié by Paulus meer charismaties sou wees (vgl. Lekkerkerker, 1971:85 e.v.; Dick 1982:190).

\*\* Ons moet in lyn met die denke van Küng (1967:210 - 212) teen wanopvattinge ten opsigte van die charismata waarsku:

Teen die gedagte asof die genadegawes buitengewoon is, en tot enkelinge beperk is, stel Küng die gewoonheid daarvan en die feit dat dit aan elkeen in die kerk gegee is (1 Pt 4:10; Ef 4:7). Dit is ook nie bedoel as 'n begaafdheid as sodanig nie, maar as 'n diens ter opbou van mekaar.

Die genadegawes is iets wat volstrek eie is aan die kerk as liggaam van Christus; (vgl. Versteeg, 1985:21). Dit wys juis weg van die persoon na God as die Gewer daarvan sodat dit steeds God is wat deur sy Woord en Gees regeer. Versteeg (a.w.:23) wys daarop dat die hele gemeente charismaties is; dat die Ou Testamentiese kerk en ampte nog volgens die gedagte van representasie gewerk het, terwyl die Nuwe Testamentiese kerk en kerkregering op die beginsel van partisipasie berus: almal staan naas mekaar; die dienste funksioneer in die kerk, vorm deel van die kerk as liggaam van Christus en moet juis elke lid toerus en dien sodat al die lede volgens hul genadegawes sal dien tot opbou van die kerk (vgl. ook Roberts, 1963:130 - 160).

#### \* Konklusie

Die konfessie en kerkorde sluit hierby aan, hoewel sterk aksent gelê word op die dienste as sodanig. Wie die konfessie en kerkorde teen die agtergrond van die Skrif as die enigste werklike bron vir die kerkregering lees, sal bemark dat die dienste nooit as 'n doel op sigself gestel word nie. Inteendeel, dit beklemtoon juis die dienskarakter en die funksionaliteit daarvan ter wille van goeie orde en die opbou van die kerk (vgl. Versteeg, 1985:29; Kung, 1967:216, 444-445; Ridderbos, 1966:497 e.v.).

Dit lê in die aard van 'n kerkorde dat dit nie 'n definisie wil gee van die verhouding charisma-diakonia nie, maar eerder aandag gee aan die funksie en dienswerk van elke besondere diakonia. Daarmee ontken



die konfessie en kerkorde nie die feit dat die diens (amp) self 'n genadegawe is nie. Dit reël egter die feit dat die diens (amp) die genadegawe in funksie moet bring.

#### 6.4.2 ONVOLLEDIGE REFORMASIE TEN OPSIGTE VAN DIE DIENSTE?

##### \* Kritiek

Daar is ook teoloë wat meen dat die reformasie t.o.v. die dienste onvolledig was. Dit is 'n gedagte wat nogal aan die vorige punt verwant is.

Dick (1982 en 1985) het sowel in sy proefskrif as in 'n artikel in 'n teologiese tydskrif ernstige kritiek op die reformasie gelewer en beweer onder meer die volgende:

- \* Die amp van die bedienaar van die Woord is oorgeaksentueer (1983:453);
- \* Die drieledige ampsisteem getuig enersyds van Roomse oorblyfsels en andersyds van 'n ontkenning van die Nuwe Testamentiese pluriforme ampsleer (1983:457; 1982:41 e.v.);
- \* Die reformatoriese kerkordes verraaï steeds 'n skeiding tussen die geestelikes en die leke soos by Rome (1985:456);
- \* Die charismatiese grondslag van die dienste volgens die Dordtse kerkorde is nie in die Reformasie in berekening gebring nie (1985:458);
- \* Die Reformasie sou uit reaksie teen die anabaptiste nie uitvoering aan die gesantskapskarakter in die kerkordes gegee het nie; buitendien sou die Dordtse sinode slegs "lokaal-partikuliere gesag" aan artikels 30 - 32 van die Nederlandse Geloofsbelofenis gegee het (vgl. Dick, 1985:460 - 461; ook Van Itterzon, 1971:70 - 72).
- \* Perspektief

Ek meen dat Dick (vgl. 1982:1 - 14; 28, 30, 61 ens.) veral hierin fouteer deurdat hy sy vertrekpunt ten opsigte van die kerkorde ekklesiologies in plaas van Christologies neem — asof die kerkorde 'n *sine qua non* is om die kerk te laat funksioneer en die kerkorde die wese van die kerk bepaal. Tweedens is die kerkorde kragtens sy aard

en bedoeling nie daarop gerig om 'n volledige kerkorganisasie weer te gee nie. Dick onderskei ook nie tussen die tydelike en blywende ampte soos die reformatore nie (vgl. Rossouw, 1984:230). Die Reformasie het ook onderskei tussen buitengewone en besondere dienste wat Christus en sy apostels ingestel en/of gegee het, en die gewone dienste/genadegawes wat in die gemeente onder leiding van die besondere dienste gefunksioneer het. Charismatiese funksies het nie almal in 'n bepaalde besondere amp ontwikkel nie, hoewel die dienste wat Christus ingestel het self genadegawes was en ook bedoel was om die genadegawes in die kerk te stimuleer tot diens (Versteeg, 1985). Daarom funksioneer die ampte volgens die konfessie en kerkorde ook juis *in* die kerk sodat die kerk in 'n relasie tot Christus mag lewe en mag dien as 'n koninklike priesterdom sonder 'n ampte/priesterstand daartussen.

Die kritiek van Dick en andere teen die Reformasie (vgl. Boon, 1965; Rossouw, 1984:6 e.v., 188 e.v.) is 'n ingewikkelde problematiek en een wat sekerlik ons ernstige aandag verdien. Dit is tegelyk nie iets wat ons nou kan bespreek nie, behalwe om ter oorweging enkele opmerkings daarvoor te maak:

- \* Ons het reeds gesien dat die konfessionele en kerkordelike diensbegrip ministerieel is; dit wil Christus se regering in die kerk bedien;
- \* Hierin stem dit met die Nuwe Testamentiese diensbegrip ooreen. In die Nuwe Testament blyk dit dat die dienste nie vanuit die Ou Testament of nog minder vanuit die Griekse agtergrond verstaan moet word nie, maar vanuit Christus. Hy is die eintlike Regeerder, die vervulling van die Ou Testamentiese *leitourgia* (priesterdiens), en Hy het die dienste nuut gegee om Hom aan sy kerk te bedien (vgl. Versteeg, 1985:30);
- \* Daarom vervul alle dienste volgens die Nuwe Testamentiese diensbegrip in dié sin dieselfde funksie deurdat almal dienaars van Christus is — 'n feit wat as 'n sentrale gedagte deur die konfessie en kerkorde loop.
- \* Selfs indien daar dus meer dienste as die drie besondere dienste in die kerke sou funksioneer, bring dit geen wesentlike verandering mee nie.

### *6.4.3 DIE AFWESIGHEID VAN VROUE IN DIE AMPTE*

In die laaste drie dekades (en sedert die begin van die tagtigerjare in die geleedere van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika) het die vraag na die posisie van die vrou in die kerk en veral die vraag of 'n vrou in die dienste van predikant, ouderling en/of diaken verkiesbaar sou wees volgens die Skrif, 'n aktuele en brandende vraag geword.

Ons kan uiteraard nie op die meriete van die saak in hierdie rede ingaan, nie. Op grond van ons tema is dit egter belangrik om te stel dat Calvyn en die kerklike vergaderinge van die sestiende eeu tot en met die sinode van Dordrecht 1618/19 asook die Drie Formuliere van Eenheid die vrou se dienste buite en los van die besondere ampte beskou. Die Calvinistiese Reformasie is dit eens dat die vrou nie in die besondere diens van lering en regering mag dien nie (vgl. Calvyn se kommentaar op 1 Kor 14:33 - 36). Calvyn het wel volgens sy kommentaar op Romeine 12:8, sy institusie (IV, 3, 9) en sy kerkorde (Pont, 1981:30) bepaalde vroue as diakens laat dien, maar dan op 'n terrein van die diakonale diens wat met die versorging van siekes en armes te doen gehad het (vgl. ook besluit van Wesel 1568 (Pont, 1981:84 - 85). In die Dordtse kerkorde van 1618/19 en in die konfessie word vroue eksplisiet en implisiet van die besondere dienste uitgesluit.

Met behoud van die beginsel van die gesag van die Skrif en met behulp van 'n suiwere hermeneutiek en eksegetiese en openbarings-geskiedenis is dit ons plig om met die Skrif as bron opnuut die lig op die probleem rondom die diens van vroue in besondere dienste al dan nie te laat val — 'n terrein wat 'n studie op sigself is. Sodanige studie word tans deur deputate van die Sinode van 1985 onderneem (Acta 1985:325 e.v.).

### *6.4.4 DIE DOKTORE-AMP; VIER OF DRIE DIENSTE?*

\* Die probleem

Die konfessie noem in art 30 die drie dienste van bedienaar van die Woord, die ouderling en diaken wat die raad van die kerk vorm, terwyl die Dordtse kerkorde in art 2 van vier dienste melding maak waarby die sg. doktore-amp bygevoeg is. Die verskil het reeds tot 'n hele diskussie en heelwat publikasies gelei (vgl. Bavinck, 1899; Henderson, 1962; Dankbaar 1964/65:135 e.v. ens.).

Die probleem is op verskillende maniere hanteer en beantwoord:

Bavinck (1899) meen dat die konfessie kragtens sy aard nader aan die Skrif as die kerkorde bly en erken hiermee by implikasie dat Christus nie so 'n amp ingestel het nie. Daarenteen erken die kerkorde volgens Bavinck die werk van die doktore as 'n funksie wat uit 'n gawe van die Heilige Gees voortgevloei het, en omdat die kerk die noodsaak van so 'n diens aanvoel, is dit in die kerkorde opgeneem.

Dick (1982:124 - 125; 1985:460 - 461) gaan heeltemal 'n ander weg in sy verklaring op: hy meen die feit dat die kerkorde van vier dienste praat 'n bewys daarvan is dat die sinode van Dordrecht self nie so ernstig was oor die bindende krag van artikels 30 - 32 van die konfessie nie. Verder beweer hy dat ons vandag ook nie soveel erns hoef te maak met die belydenis oor die kerkregering volgens die konfessie nie omdat dit van fundamentalisme sou getuig. Die minder bindende krag van art 30 - 32 volgens Dick ten tye van die Sinode van Dordrecht 1618/19 is toe te skryf aan die teenwoordigheid van afgevaardigdes uit Engeland by wie 'n episkopale kerkregeringstelsel gegeld het. Derhalwe is hierdie artikels oor 'n ander kam as die res van die konfessie geskeer om nie een bepaalde wyse van kerkregering af te dwing nie.

Dankbaar (1964/65) toon noukeurig aan dat Calvyn se standpunte oor die doktore-amp wanneer dit uit sy institusie, kommentare en kerkorde beskou word, verwarrend is.

\* Perspektief

Van 't Spijker (1970:392) is tereg oortuig dat Bucer as die vader van die doktore-amp beskou kan word. Volgens hom moet die doktore die leer van die Skrif in die kerk en skole uitlê. Hulle het ook die opleiding van die predikante behartig (vgl. ook Rossouw, 1984:202).

Calvyn het volgens Dankbaar (1964/65:35) hierdie amp by Bucer oorgeneem. Soms laat hy die vierde amp weg as hy oor die ampte skryf; byvoorbeeld in die *confessio Gallicana* (Franse konfessie van 1559) "wat óf in geheel deur Calvyn opgestel is, óf deur hom nagesien is" (Rossouw, 1984:237; vgl. art 29 van die Franse konfessie; Schaff, 1877:376). Ander kere, soos blyk uit sy institusie (IV, 1,1), sy kerkorde (art 2) en kommentaar op Efesiërs 4:11 onderskei hy wel duidelik 'n vierde amp, naamlik die doktore.

Dit blyk wel dat Calvyn enersyds tussen herders (predikante) en leraars (doktores) onderskei, en tog andersyds weer 'n noue relasie tussen herders en leraar sien. Een persoon kan soms albei funksies verrig. Dit het ook gebeur dat sommige slegs doktores was en ander slegs predikante.

Verder onderskei Calvyn tussen doktores in engere sin en doktores in ruimere sin. Eersgenoemde is 'n diens wat direk te doen het met die teologiese opleiding van predikante, en daarom is dit ook 'n kerklike diens. Die tweede groep doktores het met die breë en meer algemene onderwys te doen, en hoewel hy dit ook as kerklike werk gesien het, het dit eerder 'n noue band met die owerheid gehad (vgl. Dankbaar, 1964/65:160).

Die kerkorde het Calvyn gevolg en daarom vind ons die vermelding en omskrywing van 'n vierde amp (KO art 2 en 18), bekend as die amp van professore.

Gewoonlik word die amp van professore in direkte verband met die amp van predikant gebring waarvolgens die professore 'n gedifferensieerde diens van lering verrig en steeds bedienaars van die Woord is. Die Nuwe Testamentiese begroning hiervoor vind ons veral in 2 Timoteus 2:2 (vgl. Van der Linde, 1983:78).

Dankbaar (1964/65:162 e.v.) toon verder aan dat nadat die universiteit van Leiden in 1575 opgerig was, die kerke afgesien het van pogings om professore 'n kerklike amp te verleen. So het die opleiding van predikante gaandeweg uit die hande van die kerke gegaan. In die sewentiende eeu wou die professore nie onder direkte toesig van die kerke staan nie, hoewel hulle die formuliere onderteken het. Dit het weer daartoe gelei dat die kerke in vergaderinge die professore slegs adviserende stem gegee het, en self ook die eksaminering van die voornemende predikante kerklik hanteer het.

#### \* Konklusie

In die lig van die prinsipiële en historiese perspektiewe lyk dit nie of daar 'n werklike spanning tussen die Skrif, konfessie en kerkorde rondom die doktores-amp bestaan nie.

Die feit dat die professore aan ons teologiese skole slegs adviserende stem het, en hul diens tog as 'n kerklike diens beskou word, hoef nie as 'n anomalie gesien te word nie. Die voorwaarde is egter dat die

kerke nie mag dink dat professore aan die teologiese skole nooit of onder geen omstandighede met volle keurstem na meerdere vergaderinge afgevaardig mag word nie.

#### 6.4.5 DIE POSISIE VAN DIAKENS IN DIE KERKREGERING

##### \* Probleem

Die konfessie reken in artikel 30 die diakens tot die kerkraad terwyl die kerkorde die diakens nie as lede van die kerkraad beskou nie, behalwe in klein gemeentes (KO art 38).

Heelwat gereformeerde teoloë meen dat dit 'n uitgemaakte saak is dat die diakens wel tot die kerkraad gereken kan word (vgl. Hovius, 1962:19 en 33).

##### \* Perspektief

In Nederland is die diakens sedert 1574 volgens die kerkordes wat uit daardie tyd dateer, nie as deel van die kerkraad beskou nie (Nauta, s.j.:1 e.v.). Daarenteen was die diakens in die Waalse en Franse kerke van die sestiende eeu wel deel van die kerkraad (Acts of Synod, 1981:506 e.v.).

Hoewel Polman (Onze Ned. Geloofsbelijdenis, IV, p. 22 - 29) meen dat artikel 30 se bedoeling is dat die diakens as hulpouderlinge by die kerkraad by kom, lyk dit meer korrek om die verklaring vir die verskil tussen die konfessie en die kerkorde op 'n ander vlak te soek:

Ons ontmoet naamlik twee lyne in die sestiende-eeuse reformatie ten opsigte van die diakenamp. Die een lyn loop via Calvyn, a' Lasco na die Nederlandse kerke en kerkordes; die ander lyn via die Franse en Waalse kerke. Calvyn, a' Lasco en die Nederlandse kerkordes het nie die diakens as deel van die kerkraad beskou nie, en hierdie invloed vanaf Calvyn na Nederland was die dominante invloed op die kerkorde van Dordt 1618/19. Die Franse konfessie wat tegelyk die vernaamste bron vir die Nederlandse konfessie was, het wel die diakens as deel van die kerkraad beskou. Dus, die dominante faktor by die formulering van die konfessie het van Franse en Waalse kant gekom, en daarom noem artikel 30 van die konfessie ook die diakens as deel van die kerkraad (vgl. veral Acts of Synod, 1981:508 e.v.; Pont, 1981:49; Nauta, s.j.).

## \* Konklusie

Die besluit van die sinode van die GKSA 1945 verklaar die saak soos volg: die konfessie sou die beginsel reël dat daar drie ampte is wat *ex officio* in die kerk besig is, terwyl die kerkorde nader reël hoe die onderskeie dienste in die kerk hul diens moet verrig. Hiervolgens regeer ouderlinge en diakens onderskeidelik elk op hul eie terrein, maar nie gesamentlik oor dit wat eie is aan die onderskeie dienste nie.

### 6.4.6 LEER DIE KONFESSIE DIE FUNKSIONERING VAN MEERDERE VERGADERINGE?

Op grond van die feit dat in die konfessie (artikel 30) slegs van 'n kerkraad melding gemaak word en nêrens van meerdere vergaderinge nie, soos wat die kerkorde dit byvoorbeeld in artikel 29 doen, word kritiek op die bestaansreg van meerdere vergaderinge gelewer (Hovius, 1962:17).

Hovius toon aan dat die beginsel van meerdere vergaderinge wel in artikel 32 van die konfessie opgesluit lê waar daar sprake is van die "regeerders van kerk". Hy beweer dat volgens die oorspronklike Franse teks van die konfessie hier in die meervoud van "kerke" gepraat word, en so dui op 'n vergadering van meer kerke. Wanneer die Franse konfessie van 1559 hiermee saamgelees word, blyk dit ook dat hulle wou onderskei tussen meerdere vergaderinge aan die een kant en 'n plaaslike kerkraadsvergadering aan die ander kant (vgl. ook artikel 32 van *confessio Gallicana* waar in 'n voetnoot 'n verwysing na Hand 15 gemaak word; verder is daar onteenseglik 'n noue verband en ooreenkoms tussen die Franse konfessie, art 32 en 33 en die Nederlandse konfessie, art 32).

Die bestaan van 'n kerkraad asook die funksionering van meerdere vergaderinge word in die belydenis bely en in die kerkorde nader uitgewerk en gereël.

Wanneer die kerkorde egter ten opsigte van meerdere vergaderinge teen die agtergrond van die Skrif en konfessie gelees word, word dit duidelik dat gewaak moet word teen die volgende tendense:

om meerdere vergaderinge teenoor of langs die plaaslike kerk te stel;

- om 'n sinode as kerk te beskou;
- om sinodes (of meerdere vergaderinge) te ooraksentueer. So 'n toedrag van sake het al in Nederland die versugting meegebring wat geformuleer is as: "wij vergaderen tot wij tot de vaderen vergaderd worden" (Pont in TKK II, s.j.:174).

Die Skrif, kofessie en kerkorde laat blyk eenstemmig dat sowel 'n kerkraad as meerdere vergadering diensbaar moet wees aan die regering van Christus deur sy Woord en Gees, en dat die meerdere vergaderinge bloot funksioneel en utilitêr is ten opsigte van die regering, versorging en opbou van die kerk as die liggaam van Christus.

## 7. SAMEVATTENDE OPMERKINGS

- \* Uit die voorafgaande uiteensetting het dit hopelik duidelik geword dat die gereformeerde kerkreg 'n vak is wat geanker wil bly in die Woord en kofessie as die bronne vir die kerkreg en kerkorde. Sowel die kofessie as die kerkorde bly altyd toetsbaar aan die Skrif.
- \* Hoe heg die verband tussen Skrif, kofessie en kerkorde, en hoe suiwer die kerkorde ook al mag wees, die kerkorde kan nie geloof in God waarborg nie. Dit is die werk van die Heilige Gees deur die verkondiging van die Woord wat ons wederbaar. Tog kan 'n onskriftuurlike kerkorde die ware lewe in die kerk versmoor (Van der Walt, 1976:145 - 146).
- \* Die kerkorde behoort 'n diens te lewer waardeur die Woord, sakramente en tug suiwer in die kerke bedien word, sodat die gelowiges individueel en as gemeente alleen onder die gesag en heerskappy van Christus en sy Gees sal lewe en groei.
- \* Die kerkorde en die kofessie mag hulle nie as *canones* aanbied of opdring nie, maar moet juis onder leiding van die Gees die eintlike en enigste kanon, naamlik die Woord, aan die woord bring in elke faset van kerkregering.
- \* 'n Christokraties-pneumatiese kerkregering as die eintlike regering van die kerk volgens die Skrif bly vir die Gereformeerde kerkreg as 'n gawe en opdrag staan. Ons sou dit goedsikks as die *ius constituendum* kan tipeer. Die kofessie en die kerkorde mag nie hiermee in stryd wees nie, en wil juis daartoe dien om die alleenheerskappy van



Christus as ons enigste Hoof in die kerke te erken en organies en ordelik te reël. Daarom mag die Christokrasie en ekklesiologie nie van mekaar losgemaak word of teen mekaar afgespeel word nie.

\* Hoewel die konfessie en kerkorde feilbaar bly, behoort veranderinge en/of afwykinge daarvan met die grootste omsigtigheid te geskied. Dit gaan immers om die regering van die liggaam van Christus, en met hierdie liggaam wat duur gekoop is deur die bloed van Jesus Christus, mag nie geëksperimenteer word nie.

## LITERATUURLYS

Acts of Synod Christian Reformed Church in North America, 1981.  
BAVINCK, H. 1899. Het doctorenambt. (*In* Verspreide Geschriften I.)  
Kampen.

BOHATEC, J. 1961. Calvins Lehre von Staat und Kirche mit besonderer Berücksichtigung des Organismusgedankens. Aalen: Scientia.

BOON, R. 1965. Apostolisch ambt en reformatie. Primair probleem deur oecumene. Nijkerk: Callanbach.

BOUWMAN, H. 1928. Gereformeed Kerkrecht. Eerste deel. Kampen: Kok.

BRONKHORST, A.J. 1947. Schrift en kerkorde. Een bijdrage tot het onderzoek naar de mogelijkheid van een "Schriftuurlijke Kerkorde". Den Haag.

BRONKHORST, A.J. 1976. De Kerkorde van 1951. Utrecht.  
CALVYN, J. s.j. Institusie of de onderwijzing in de Christelijke religie. Amsterdam.

CASWELL, R.N. 1960. The theory and practice of Calvinistic church discipline.

COERTZEN, P. 1984. Belydende Kerkreg in Duitsland en die Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*. XXV (2):179 - 187, April.

COERTZEN, P. 1986. Metodologiese vertrekpunte in die beoefening van Kerkreg. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*. XXVII(1):47 - 60, Januarie.

COERTZEN, P. 1987. Die bronne vir die beoefening van kerkreg en kerkregering. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, XXVIII(1):38 - 45, Januarie.

DANKBAAR, W.F. 1964 - 1965. Het doctorenambt bij Calvijn. *Nederlands Theologisch Tijdschrift*, 19<sup>e</sup> jaargang.

DICK, C.F. 1982. Gestuur tot diens : die gesantskapskarakter van die dienste volgens die kerkorde. (Proefskrif — Universiteit van Stellenbosch).

DICK, C.F. 1985. Die gereformeerde ampsbeskouing — vrug van 'n

- onvolledige reformatie. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, XXVI(4):452 - 461, September.
- DU PLOOY, A. le R. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerde-Kerkregtelike studie. (Proefskrif - P.U. vir C.H.O.).
- DU PLOOY, A. le R. 1987. Die gesag van Christus in enkele kerklike gesagsmodelle (Ongepubliseerde lesing).
- GOUMAZ, L. 1964? Het ambt bij Calvijn. Een samenvatting naar zijn commentaren op het Nieuwe Testament. Vertaald en ingeleid door K. Deddens. Franeker, Wever.
- HAITJEMA, Th.L. 1925. Calvijn en de oorsprong van het Nederlandse Gereformeerde Kerkrecht. (*In* Goslinga, A. red. Christendom en Historie. Amsterdam).
- Handelinge van die nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1985.
- Handelinge van die Tussenkerklike Kommissie, deel 2. 1977 - 1981.
- HECKEL, J. 1964. Das blinde undeutliche Wort "Kirche".
- HENDERSON, R.W. 1962. The teaching office in the Reformed tradition. A history of the doctoral ministry. Philadelphia: Westminster press.
- HOVIUS, J. 1962. Het verband tussen onze Belijdenis en onze Kerkorde. Sneek.
- JONKER, W.D. 1965. Om die regering van Christus in Sy kerk.
- KAMPHUIS, J. 1966. Verkenningen III. Opstellen over kerk en Kerkrecht. Goes, Oosterbaan & Le Cointre.
- KAMPHUIS, J. s.j. Ekklesiologie. (*In* Oriëntatie in de Theologie. De Vuurbaak).
- KÜNG, H. 1967. De Kerk. Antwerpen/Hilversum. (Uit Duits vertaal deur H. Wagemans).
- LEKKERKERKER, A.F.N. 1971. Oorsprong en funksie van het ambt. S'Gravenhage: Boekencentrum.
- MANS, C.J. s.j. Die verhouding van belydenis en kerkorde. *Hervormde Teologiese Studies*, 28(3 en 4):134 - 147.
- NAUTA, D. s.j. Confessie en kerkorde over de plaats der diakenen in den Kerkeraad. *Gereformeerde Theologiese Tydskrif*, 52e jaargang.
- NAUTA, D. 1969. De verbindende kracht van de belijdenisschriften. Kampen: Kok.
- NAUTA, D. 1971. Verklaring van de kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Nederland. Kampen: Kok.
- PLOMP, J. 1967. Beginselen van reformatories kerkrecht. Kampen: Kok.
- PÖHLMANN, H.G. 1987. Peter Brunner in memoriam (1900 - 1981). *Zeitschrift für evangelisches Kirchenrecht*, 32(1), März.
- POLMAN, A.D.R. s.j. Onze Nederlandse Geloofsbelijdenis, IV. Franeker.

- PONT, A.D. s.j. Skrif en Kerkorde — enkele opmerkings. *Hervormde Teologiese Studies*, 33(1 en 2):77 - 90.
- PONT, A.D. 1981. Die historiese agtergronde van ons kerklike reg. Pretoria/Kaapstad: HAUM. (Akademiese handboeke, deel 1).
- PONT, A.D. 1986. Calvyn en die kerklike orde: Enkele opmerkinge. *Hervormde Teologiese Studies*, 42(3):534 - 546, September.
- RICHEL, P.J. 1942. Het kerkbegrip van Calvijn. Libertas.
- RIDDERBOS, H. 1966. Paulus; ontwerp van zijn theologie. Kampen: Kok.
- RIDDERBOS, H. 1972. De komst van het koninkrijk; Jesus' prediking volgens de synoptische evangeliën; tweede onveranderde druk. Kampen: Kok.
- RIEKER, K. 1899. Grundsätze reformierter Kirchenverfassung. Leipzig: Hirschfeld.
- ROBERTS, J.H. 1963. Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief. Groningen.
- ROSSOUW, P.J. 1984. Praerogativa Singularis. Amp in die kontemporêre Gereformeerde pastoraat (Proefskrif — UOVs).
- SCHAFF, P. 1877. The creeds of the evangelical protestant churches. London.
- SMIT, C.J. 1983. Wat is kerklike orde? 'n Gereformeerde-kerkregtelike Studie (Verhandeling — PU vir CHO).
- SMIT, C.J. 1985. Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk (Proefskrif — PU vir CHO).
- SOHM, R. 1892. Kirchenrecht; erster Band. Leipzig.
- SPOELSTRA, B. 1986. Die kerklike appél. (In Smit, C.J. samest. In gehoorsaamheid: Opstelbundel aangebied aan prof. dr. G.P.L. van der Linde by sy emeritering as hoogleraar. Potchefstroomse Teologiese Publikasies).
- VAN DEN BERG, M.R. 1969. Die gekerkerde kerk. Amsterdam: Buijten en Schipperheijn.
- VAN DER LINDE, G.P.L. s.j. Kerkreg. 'n Handleiding by die studie van Kerkreg. (Diktaat Teologiese Skool).
- VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde.
- VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom, Pro Rege.
- VAN ITTERZON, G.P. 1971. Belijnd Belijden. Kampen: Kok.
- VAN ITTERZON, G.P. 1984. Het kerkelijke ambt in geding. Kampen: Kok.
- VAN'T SPIJKER, W. 1970. De ambten bij Martin Bucer. Kampen: Kok.
- VAN'T SPIJKER, W. 1972. Goddelijk recht en kerklike orde bij Martin Bucer. Apeldoornse studies no. 3. Kampen: Kok.
- VERSTEEG, J.P. 1985. Kijk op de kerk.

Wat is er aan de hand met het ambt. Studierapport over het ambt, aangeboden door de generale synode van de Nederlandse Hervormde Kerk, krachtens besluit van haar vergadering van 18 Februarie 1969. 1970. S'Gravenhage: Boekencentrum.

WOLF, E. 1960. Ordnung der Kirche, Lehr und Handbuch des Kirchenrechts auf ökumenischer Basis. Frankfurt am Main: Vittoria Klostermann.